# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE ADDISIONELE TAAL V3**

**EKSAMEN**

**2019**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 50**

**TYD : 1½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _4_ bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

    AFDELING A: Langer transaksionele teks [30]

    AFDELING B : Korter teks: Naslaan- informatiewe en transaksionele tekste [20]

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so

    AFDELING A : 60 minute

    AFDELING B : 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

**STERKTE!!!**

AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 1

- Kies een onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

1.1 INFORMELE BRIEF

Dit is jou verjaarsdag. Jou ouers het besluit om die gesin vir ete te neem by 'n baie duur restaurant. Skryf nou aan 'n maat en vertel hom/haar van die ervaring, hoe die restaurant gelyk het en wat julle geëet het. Sê ook of jy weer soontoe sal wil gaan of nie.



[30]

1.2 DIALOOG

Jy en 'n maat gesels oor julle gunsteling sportwedstryd wat julle hierdie jaar gesien het. Skryf die gesprek in dialoog vorm.



[30]

TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE

AFDELING B: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies een onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 DAGBOEK INSKRYWING

Jy het besluit om jou verjaarsdagpartytjie te vier. Jy het al jou maats uitgenooi. In jou dagboek moet jy oor twee dae skryf. Die dag voor die partytjie en die dag na die partytjie.




[20]

2.2 E-POS

Jy het vandag 'n baie slegte dag gehad. Alles het verkeerd geloop; by die huis en by die skool. Skryf 'n e-pos aan jou maat en vertel hom/haar wat gebeur het. Vertel ook hoe jy gevoel het.

[20]

TOTAAL AFDELING B : 20 PUNTE

SOMTOTAAL :50 PUNTE